→ Mnr. M.H. van Wyk

0/52/9281

Die Sekretaris van Vervoer,
Privaatsak 193,
P R E T O R I A

18 NOV 1959.

Waarde heer,

U Verwysingsnommer : S.1/6/2
Benoeming van mnr. M.H. van Wyk, Wetenskaplike Assistent, as lid van die eerste Suid-Afrikaanse Ekspedisie na Antarktika

Met verwysing na u skrywe van 5 November 1959 aan die Direkteur van die N.N.I.M.I. gerig, wens ek te bevestig dat my Raad bereid is om mnr. M.H. van Wyk spesiale verlof sonder betaling toe te staan ten einde hom in staat te stel om as lid aan die Eerste Suid-Afrikaanse Ekspedisie na Antarktika deel te neem. Hierdie spesiale verlof word voorlopig vir die tydperk vanaf 9 November 1959 tot 31 Maart 1961 goedgekeur maar sal later gewysig kan word sodra die ekspedisie na die Unie teruggekeer het en mnr. Van Wyk sy dienste by die W.N.N.R. hervat.

Die spesiale verlof sonder betaling word aan mnr. Van Wyk toegestaan met dien verstande dat -

(a) hy 'n aanstelling op kontrak in die Departement van Vervoer vir die volle tydperk van die verlof sal aanvaar;

(b) hierdie tydperk van spesiale verlof nie as diens vir W.N.N.R.-verlofdoeleindes sal tel nie; en

(c) die Departement van Vervoer gedurende die tydperk van hierdie spesiale verlof aanspreeklik sal wees vir die Raad se £-vir-£ bydraes tot die Voorsorg-fonds vir Universiteitsinrigtings en hierdie bedrag tesaam met mnr. Van Wyk se eie bydraes (7½ van £550 p.j.) wat van sy betaalstaat maandeliks afgetrek moet word aan die W.N.N.R. sal oorbetaal.

Die uwe,

(geteken.)

N. Stutterheim.
VISE-PRESIDENT

AFSKRIFTE AAN:

1. ~~Die~~ Direkteur, N.N.I.M.I.
2. Mnr. C.R. du Plessis
3. Mnr. M.H. van Wyk